VILLA BULLETIN 2

Nuusbulletin van/News bulletin of Bougainvilla Aftree-oord/Retirement Village *Nr 2 Aug 2018*

Vloei van inligting

Sessies en weeklikse gesprekke

Die Raad van Direkteure (direksie) ag die vloei van inligting so belangrik dat daar die afgelope weke sedert die AJV nie minder nie as ses inligtingsessies sowel as weeklikse gespreksgeleenthede gehou is nie. Lees verder wat daar bespreek is.

Die welstand van die oord se inwoners en die skep van 'n rustige omgewing waarin hulle kan woon, is die HEV se hoofbesigheid en die direksie en komitees beywer hulle om die inwoners tot 'n eenheid saam te snoer wat vir mekaar omgee. Hiervoor is die samewerking van elkeen in die Villa nodig. Hier is 734 inwoners wat in 536 eenhede woon. Die maatskappy het 'n jaarlikse omset van ongeveer R20 miljoen. Dit kan nie sonder reëls en regulasies doeltreffend bestuur word nie. Die bestuursmodel is deursigtig, het 'n oop deur en gee volle geleentheid aan inwoners om hulle insette te gee by gereelde inligtingsvergaderings. Bougainvilla skaaf steeds aan 'n eiesoortige kultuur en na vyf jaar is groot vordering gemaak.

Feesprogram

Bougainvilla is vyf jaar oud

Dit was 'n mooi dag op Sondag 1 September 2013 toe die eerste inwoners hier kom nesskop het. Om hierdie besondere mylpaal te gedenk word daar behoorlik feesgevier. Inwoners sal die volgende geleenthede kan bywoon:

Donderdag 6 September: 08:00 Ontbyt in die eetsaal met gasspreker dr Petrus Moolman oor die onderwerp "Wanneer is jy oud?"

Kaartjies teen R35 by kombuiskantoor beskikbaar.

Vrydag 7 September: Verskeidenheidskonsert in die saal. Kom geniet plaaslike talent. Toegang is R10.00 en die springmieleis en koeldrank is gratis.

Saterdag 8 September: 09:00 Pretloop (loop, ry, sover as wat jy kan). Dra 'n hoed vir spoed!

Skryf in teen R5 en wen R 1000 kontant asook 'n gratis kolwyntjie (cupcake) Ook Markdag en uitstalling deur motor- en ander handelaars. Prystrekking: 11:00. Moet teenwoordig wees.

Portfolios

Chairperson and Contracts: Gerrie van Vuuren.
Vice Chair and Kitchen; Frail Care; Welfare; Social; Library: Colleen McGillivray.
Security; Health; Safety: Ellek Wiese.
Marketing: Chris Höll
Finance: Johan Coetzee
Infrastructure and technology: Klasie Basson
Committee: Jan Buter

"Saam is ons beter" Kom ons maak dit Bougainvilla se slagspreuk!

Lees en bêre hierdie en ander Bulletins

Inligting in die Villa Bulletin kan handig te pas kom. Liasseer of hou dit op 'n veilige plek.

Bron van Bulletin se inligting

Die inligting in hierdie Bulletin is verkry tydens die byeenkomste en vergaderings wat sedert die AJV gehou is. Onduidelikhede kan by direksielede uitgeklaar word.

Tensy anders vermeld, is die woorde en uitleg van Bulletin deur Johann Lemmer gedoen (#86). Stuur kommentaar aan lemmerj@mweb.co.za

Gesondheidsake

Die Oord is vir onafhanklik lewe persone, nie vir mense wat permanente versorging nodig het nie. Indien inwoner op punt kom waar versorging nodig is, is dit die naasbestaandes se plig om die keuse van versorging uit te oefen.

Die Sorgsentrum is nie ‘n hospitaal nie en kan nie dieselfde diens as ongevalle afdelings van hospitale lewer nie. ‘n Maksimum van 20 persone kan voltyds in die sentrum versorg word. Versorging is ook op korttermyn en in inwoners se tuistes beskikbaar.

Beperkte (eerste) hulp is 24 uur per dag beskikbaar. Buite kliniektye gaan dit met heffings gepaard. Pryslys hiervoor kan aangevra word.

Die **oordsuster** is in diens van die verskaffer (Unique Health) en haar oorhoofse prioriteit is kliniekbestuur en assessering. Die Wet op Ouer Persone bepaal dat jaarlikse assessering oor die gesondheidstoestand van inwoners gedoen word.

Besoeke aan kliniek moet nie onnodig uitgerek word nie en uitroepe moet tot noodsaaklikhede beperk word sodat die oordsuster meer tyd vir assessering het.

Paniekknoppiediens is gratis maar dit moet gereeld getoets word.

Indien daar rede tot klagtes is, moet dit so gou as moontlik na die voorval gerapporteer word.

Daar is geen rookareas vir oordinwoners nie behalwe in hulle wooneenhede.

Daar word ondersoek ingestel om die dienste van ‘n maatskaplike werker te bekom.

Voedselvoorsiening

Die **kombuiskomitee** vergader maandeliks. In Juliemaand is 10 546 etes met beperkte toerusting in ons kombuis voorberei wat 2 506 insluit wat nie deel is van die verpligte getal nie. Dit word deur ‘n dieetkundige goedgekeur. Tevredenheid met die gehalte is uitgespreek.

Spyskaarte: Vul eenheidsnommer in met donker inkpen en merk keuses duidelik. Handtekening aan onderkant, personeel teken as hulle dit insleutel. Moenie spyskaart net by kantoor los nie.

Bestellings sluit 11:00 vir die volgende dag, geld ook vir kansellasies.

Spesiale diëte: Doktersbrief en dieetkundige se aanbeveling moet by kombuis ingedien word.

Spyskaarte vir spesiale diëte moet persoonlik by die kantoor afgehaal word. Tans is daar 80 verskillende diëte wat in ses kategorieë ingedeel is.

Daar is 730 inwoners wie se kossmake tevrede gestel moet word. Klagtes moet dieselfde dag ingedien word. Vars groente word daagliks voorberei, maar is onderhewig aan beskik-baarheid op die Mark.

Evaluering van etes: Indien kaartjies uitgedeel word, gee asseblief rede vir die evaluering.

Wegneemetes: Smaak nie dieselfde as vars ingeskepte kos nie en kombuis kan nie verantwoordelik gehou word vir gehalte indien etes ure na aflewering geëet word nie.

Klagtes oor kos moet asseblief onmiddellik aangemeld word. Dit kan ook in die boek by die kantoor gedoen word.

Personeel word deurlopend geëvalueer en erkenning word gegee vir goeie diens by wyse van spesiale toekennings. Dit baat om ‘n goeie verhouding met personeel op te bou en hulle met respek te behandel.

Sosiaal: Daar is ‘n baie aktiewe sosiale komitee met nege onderafdelings. Inwoners geniet dit om aan al die aktiwiteite deel te neem.

Biblioteek

Die biblioteek is 24/7 oop en het onlangs groot skenkings gekry en die nuwe aanwinste word tans rak gereedgemaak. Vrywilligers sorg dat die biblioteek daagliks netjies gemaak word.

Garden services, Rubbish collection and Cleaning services

The cutting of the grass in the village will still continue with the winter program following the three-weekly cycle.

Tenants are requested to park their motor vehicles in their garages or in a safe spot on grass cutting days to avoid the possibility of damage.

During weekends a number of bins are placed outside the rubbish room for tenants to discard rubbish.

Quotations for the extermination of termites have been obtained and upon approval, dates and procedures will be communicated

Poison for cockroaches in the flat's geyser boxes are being applied on an ongoing basis and tenants are encouraged to apply bait for these insects.

Sediment (sand) is being removed from the water channel.

The washing of vehicles will continue and residents can still book at the office or directly with Jonker (083 256 3997).

Die HEV gee aandag aan die invloei kant van die kanaal terwyl die ontwikkelaar sal sorg dat die uitloop aan die einde van die kanaal ongehinderd kan geskied.

The geyser cabinets for the flats are being treated with insectiside on an ongoing basis.

Toilets in the passages of the flats should be used by the cleaners to get rid of dirty water, no dirty water may be disposed of in storm water drains.

The tenants of the Villa are once again being urged to help with the cleanliness and neatness of the Village with regards to the removal of paper and rubbish in the communal areas.

Water restrictions still apply, no watering of gardens between 11:00 and 16:00.

Daar is bome wat 'n risiko vir die oord inhou en dit sal so gou as moontlik verwyder moet word. Waar dit in privaat tuine is, sal eienaars kennis gegee word om dit te verwyder of te laat verwyder.

Plantjies in die geute en afvoerpype sal verwyder word en die probleme wat veral duiwe veroorsaak, sal mettrtyd aangespreek word.
- Klasie Basson

Speed bumps

Speed limit within the Village is 20 km/h

There is still too much speeding in the Village and it creates danger for pedestrians and the other villagers.

It remains the responsibility of each tenant to maintain and adhere to traffic rules within the village.

The current rubber speed bumps will remain until such a time a suitable replacement have been decided upon.

Replacement speedbumps has been identified and will be installed in due course – the 'test' bumps will replace the second set for the duration of the test period.

A box was placed in the foyer of the Service Centre for comments during the test fase. The result was 98% in favour of new speed bumps. The speed of the golf carts will be monitored.
- Klasie Basson

Die hele verkeersituasie in die oord is 'n teer saak omdat inwoners se veiligheid in gedrang is. Daar moet ongelukkig maatreëls getref word om mense wat te vinnig of onverskillig ry aan bande te lê. In die lig hiervan sal onkoste ongelukkig aangegaan moet word om verdere verkeerstekens en veral spoedbeperkingsborde aan te bring.

Daar word ook oorweeg om kameras te installeer om oortreders te identifiseer. Hierdie mense kan dan volgens die oordreëls 'n boete opgelê word.

Generators

Currently no legislation is in existence for portable generators, but the South African National Standard (SANS) of the SA Bureau of Standards (SABS) requires certain safety rules be adhered to.

Installation Requirements

Should the generator be required to be connected to the mains, a proper change over switch with an isolator is required and must be installed by a qualified technician.

The generator must be placed in a well ventilated area, away from any flammable materials.

Fuel

Only 5 liter per household is allowed and must be stored in a well ventilated area, away from heat and flames.

Courtesy rules: Always take your neighbours into consideration regarding noise and fumes.

Testing of the generator may be done in permitted times, as per conduct rules, which will be between 09:00 and 12:00.
- Klasie Basson

Alle **draagbare kragopwekkers** moet voldoen aan die SA Buro vir Standaarde se vereistes wat geraas en die toelaatbare hoeveelheid gas betref. Voor die aankoop en installasie moet daar aansoek gedoen word deur die voorgeskrewe vorm in te vul en by die oordbestuurder in te dien. Foutiewe installasie (byvoorbeeld geleikabel in ‘n muurprop) en nalatige gebruik kan verreikende gevolge vir die eienaar hê.

Solar geysers

Geysers is the responsibility of the owners who must take care that the appliances are serviced on a yearly basis. The service is to ensure that the appliance works correctly and for insurance purposes should it become necessary to launch a claim. Owners must ensure that a Certificate of Compliance is obtained as proof of such a service.

Sekuriteit

Inwoners is tevrede met die sigbaarheid en die toepassing van veiligheidsmaatreëls deur die diensverskaffer wat ‘n hoë standaard handhaaf. Die oord word per voet, fiets en gholfkarretjies gepatrolleer. Die afstand wat hulle aflê is, volgens die GPS-apparate, ongeveer 2 000 km per maand. Gedurende die nag is daar ook ‘n motorvoertuig wat vir hierdie doel gebruik word. Die oop stuk grond aan die oostekant word daagliks besoek.

Toegangsbeheer is opgeknap en werkers word net toegelaat as hulle oor die nodige registrasiekaarte beskik. Dit is die plig van die inwoner om dié kaarte terug te trek as werkers die diens verlaat of as die inwoner verhuis. As werkers deur werkgewers per motor vervoer word, word hulle versoek om by die beheerpunt uit die voertuig te klim. Besoekers het bestuurderslisensies nodig en hulle voertuie se lisensieskyfies word ook geskandeer.

Enige verdagte of vreemde optrede moet onmiddellik by sekuriteit aangemeld word. Daar was nog geen ernstige insidente nie.

Die diensverskaffer doen weekliks ‘n oudit van die veiligheidsituasie.

Kragopwekkers wat by die toegangshek aangebring sal word, verskaf elektrisiteit in noodgevalle om die veiligheidstelsels, soos die heining en CCTV kameras ononderbroke te laat funksioneer.

Daar word ondersoek ingestel na klein apparate met paniekknoppies wat inwoners saam met hulle kan dra en in noodgevalle gebruik kan word. Dit sal nie die knoppies vervang wat in die wooneenhede geaktiveer kan word nie.

Sekuriteitsmense lig inwoners in as hulle byvoorbeeld motorhuisdeure oop los, sleutels in die voertuie vergeet of enige ander riskante gebeure.

Gewag is gemaak van die vriendelikheid van die sekuriteitspersoneel.

(Vervolg in Villa Bulletin 3)